Jocharl word 30

Die Jocharl Santa Gertrudis-stoet vier vanjaar sy 30ste bestaans- jaar en saam met u kyk ons terug op 'n opwindende 30 jaar wat baie hoogtepunte opgelewer het.

Die Jocharl Santa Gertrudis-stoet word in die Noordwes-provinsie op die plaas, Doornbult, in die Delareyville-distrik bedryf, Delareyville is hoofsaaklik mielie-wêreld; die goeie grond word geploeg en die swakker grond word vir weiding aangewend. Ons stoet word uitsluitlik op die veld bedryf en daardeur word die gehardheid en aanpasbaarheid van ons diere bevorder sodat hulle oral in Suidelike Afrika kan gedy.

Dit was 'n nederige begin vir my en Bertie in 1980. Ons het met een bul en net 'n paar vroulike diere begin. maar met verloop van tyd het ons stoet tot een van die grootste Santa-kuddes in Suid-Afrika gegroei en vandag vloei Jocharl-bloed in kuddes regoor Suid-Afrika, asook Namibië, Botswana en Zimbabwe.

Ons drie seuns het tussen die Santas en op skoue groot geword en hulle deel uiteraard ons passie vir die Santaras. Ons oudste seun, Charles, het 'n Honneurs-graad in Ekonomie gehad maar in 2003

is hy tragies in 'n motorongeluk oorlede. Johann en sy vrou, Nanda, woon in Kanada waar hy as mediese dokter praktiseer en ons jongste seun, Naudè, is 'n Bourekenaar in Pretoria.

Interessant genoeg het ons stoet eintlik heel toevallig ontstaan toe ek in 1975 begin soek het na 'n ras om my bestaande kommersiële vleiskudde te verbeter. Ek was op soek na 'n ras met 'n lae geboortegewig maar ook met 'n groeivermoë wat op die veld en in die voerkraal kon presteer. Voorts moes die ras 'n eenvormige kleur in die kudde vestig en na 'n deeglike studie van die verskillende rasse het die Santa Gertrudis my oog gevang en het ek besluit om Santa Gertrudis-bulle te koop.

Vyf jaar van kruisteling met Santa-bulle het my daarvan oortuig om met 'n Santa Gertrudis-stoet te begin. My eerste vroulike diere was afkomstig van Karel Lubbe en ingevoerde koeie van Piet Nel, Jan Bothma en later ook Geoff Botha. Ons het deurlopend van die beste vroulike diere van bekende telers aangekoop en die volgende koeie het 'n aansiennlike impak op ons stoet gehad –

Locklore Gertrude 2, die 1994 Raskampioen by die Bloemfontein-skou. Haar seun **JC97-061** ('n poena-bul) is met groot welslae in die kudde gebruik. Die Junior kampioen by die Randse skou **Rosan AB 94-002** se seun **Rosan 96-017** is ook in die kudde gebruik. Thys Brits se koei **Henvia Sarima 80 het** ook 'n merkbare invloed op ons kudde gehad.

Die bul **Locklore Atomos LL79-055,** 'n seun van die 1978 Nasionale kampioen, **Locklore Ceasar** het die fondasie van ons kudde gelê en die bulle **Sombrero Jeff en Henvia 82/42** (kleinseun verkoop vir 'n SA rekordprys) het die genetiese fondasie verder versterk. Ons het ook die bekende en legendariese bul, Toffie Appel, van die Wessels-familie aangekoop maar soos die ongeluk dit wou hê, is die bul dood voordat hy op die plaas aangekom het. Saad van hierdie bul was gelukkig volop en ons het met 'n intensiewe KI-program begin. Die kombinasie van Sombrero Jeff en Toffie Appel het ons stoutste verwagtinge oortref en die geluksgodin het breed geglimlag. Seuns wat uit hierdie bloedlyn geteel is vorm die fondasie van baie kuddes in Suid-Afrika en hier moet ek veral die 1995 reserwe nasionale raskampioen uitsonder naamlik **Jocharl 91-043**.

Sakkie en Basie Viljoen het 'n seun van **Jocharl 90-001** aan Garth Ellis van Natal verkoop teen 'n rekordprys vir daardie tyd.

Op die voorblad van die 2007 Joernaal is 'n kleinseun van Jocharl 90-001 (FG 03-025) van Ferdie Strauss van Namibië wat aan Boetie Jooste verkoop is. Dit was die duurste bul op die veiling.

Pieter Vorster het 'n goue meriete bul uit **Jocharl 90-001** geteel met 'n voeromset van 4.09; dit is van die beste voeromset wat ooit behaal is.

Ten einde ons genepoel te vergroot het ons ook deur die jare daarna gestreef om slegs die beste bulle te gebruik. Dit sluit in -

- Locklore Bosque, Res. SA Kampioen by die Wêreldkongres 1990
- Rosan Quisto. Seun van Chaparosa 988, ingevoer as embrio vanuit die VSA.
- Gonodo Rojo 93-21. (Poenskop) Seun van Galga West Barry. (Australiese teling)
- Santarific ---, Yarawango Xmas (Poenskop) (Wêreld kampioen 1990) kleinseun.
- Valley Venture 99/66 (Yarrawanga teling)
- Sansa JL 99/108 (Pinarooh Gemine Bloedlyn.)
- Rensbou DT 00/196.(Poenskop)
- San-Tru -Nel CN 2002/43. (Sombrero Jeff-teling)
- JR Ranch 03-024. (Briggs 112-teling)
- Ingevoerde saad van Yarrowango Equador, Pinarooh Gemine, King Ranch Kingstone en MR CVF 2022 (Poenskop) is ook gebruik.

Seuns van die bogenoemde bulle is met groot sukses in die kudde gebruik.

In 1982 het ons vir die eerste keer met net 4 diere in Vryburg gaan skou en ons moes teen telers soos oom Apie en tannie Annie Lock, Thys en Hansie

Brits en Piet Nel meeding. Stellaland was van die sterkste kompetisie in die land en dit was 'n baie goeie leerskool. Later het Dail van Rensburg , Koos Lock, Warren Klopper en Willie de Jager en nog vele ander telers bygekom.

Dit was vir ons 'n besondere eer om die telers, wat ons met hartlikheid in hul midde ontvang en by die Stellaland-klub betrek het, te leer ken. Die goeie gees van mededinging was opvallend en kenmerkend van die beginjare van die Santa-ras.

Van 1982 tot en met die 2004 Nasionale kampioenskappe in Vryburg het ons jaarliks aan skoue deelgeneem. Ons het wonderlike vriende gemaak en Santatelers van oor die hele land ontmoet met wie ons saam gekuier het. Ons is trots op die verskeie kampioene wat ons kudde by die Vryburgse-, Bloemfonteinse- en Randse skoue opgelewer het. Vanuit die staanspoor het ons ook aan prestasietoetsing deelgeneem.

Op grond van 22 jaar se skoudeelname, uitstallings by NAMPO en besoeke aan die Potchefstroom Landboukollege saam met Martin Seyfferdt om die ras aan jong boere bekend te stel, was en is ons steeds aktief betrokke by die bemarking van die Santaras.

Ons het op 'n gereelde basis inligtingsdae en beoordelaarskursusse op die plaas aangebied en ten einde die Santa se groeivermoë te bemark het ek gereeld een of twee diere op plaaslike vetveeveilings verkoop. Die feit dat die grootste konsentrasie Santatelers in die land in ons streek gesetel is, glo ek, is die gevolg van die jarelange bemarking en promosie van die ras in ons omgewing.

In 1994 het ons ons eerste produksieveiling met die titel *"Die veiling van die jaar"* aangebied en dit was bestempel as een van die beste veilings in die geskiedenis van die stoetveebedryf in Suid-Afrika. Ons het sedertdien elke jaar 'n produksieveiling aangebied en die Jocharl Santa Gertrudis-veiling is tans enig in sy soort aangesien dit die enigste veiling in Suid-Afrika is waar uitsluitlik Santa Gertrudis-beeste deur 'n enkelteler aangebied word.

Ek en Bertie was bevoorreg om in 1994 die wêreldkongres in Houston, Texas by te woon en dit was heerlik om telers van oor die hele wêreld te leer ken en om nader kennis te maak met plaaslike telers.

Ons besoek aan Amerika het ons onder die besef gebring dat Suid-Afrikaanse telers aansienlike vordering gemaak het om die Santa vir Afrikatoestande te teel. Uit plaasbesoeke en diere by die Houston-skou was dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse Santa geensins vir sy Amerikaanse eweknie terug hoef te staan nie.

Dit was vir ons ook 'n voorreg om oorsese telers deur die jare op die plaas te kon ontvang en so doende het ons veral 'n goeie band van vriendskap met die Bassingthwaightes en Greenups van Australië gevestig.

In die periode van 30 jaar het ons deurgaans daarna gestreef om funksionele beeste te teel en streng geselekteer vir mediumraamgrootte, kort skedes, bespiering, gladde haar, melkproduksie, vrugbaarheid, gehardheid en aanpasbaarheid. Hierdie eienskappe is vasgeteel en die kudde se uitsonderlike vrugbaarheid en melkproduksie is bewys daarvan. Vir 7 jaar het ons naas die Marwick-broers, die beste kalfinterval vir 'n kudde van meer as 200 koeie gehad. Verskeie diere in die kudde val ook onder die top 10% van die ras vir maternale speen. Dit beteken meer melk en 'n hoër speengewig.

Ek was bevoorreg om vir 'n aantal jare op die Santa Gertrudis Raad te dien en vir 'n wyle as President. Dit was vir my 'n voorreg om die ras te kon dien en bevorder.

Om ons 30ste bestaansjaar te vier beplan ons op 19 Augustus 2010 'n besonderse produksieveiling waar ons van ons beproefde stoetbulle en 20 van ons beste vroulike diere sal aanbied. Ons will dit ook 'n gesellige kuiergeleentheid maak en nooi al ons telers om hierdie spesiale geleentheid saam met ons te vier.

Al ons dank en ons lof aan ons Hemelse Vader vir 30 geseënde jare in die stoetveebedryf; ons hoop daar is nog vele meer.

Dankie aan alle telers en kommersiële boere wat ons deur die jare ondersteun het.

Groete
Die de Wet-familie